Laerskool
Bertie Barnard
Primary School

Adres: Posbus 137
Stilbaai
6674

E-pos: laerskoolbertiebarnard@gmail.com
laerskoolbertiebarnard.hoof@gmail.com

Tel: 028 - 754 1042
Faks: 086 241 5205

3 Augustus 2021

Insake: Laerskool Bertie Barnard

Geagte Ouers

Neem asseblief kennis van die volgende sake:

1. Voltydse opening van skool vir alle leerders
   Soos u reeds gesien het, is daar reeds met die oprigting van 'n nuwe mobiele klaskamer begin. Die finale voltooiing van die klaskamer se oprigting sal eers na afloop van volgende naweek (6-7 Augustus) kan plaasvind. Daar word deur die week , na-skoolure, ook deur die firma wat die klaskamer oprig, aan dit gewerk. Dit word so gedoen om alle leerders se veiligheid te verseker.Ons mikpunt is dat ons vanaf Dinsdag, 10 Augustus 2021, (Maandag is 'n vakansiedag) weer alle leerders voltyds terug by die skool kan ontvang. Dit sal ook beteken dat ons na ons normale rooster terugkeer, met ander woorde dat klasse soggens om 7H30 sal begin. "Screening" sal nogsteeds soos tans voortgaan, maar sal van 7H15 tot 7H30 plaasvind. Neem kennis dat leerders voor 7H30 by hul klasse sal moet aanmeld, dus kan leerders nie eers 7H30 by die skool afgelaai word nie. Daar is ouers wat herhaaldelik soggens hul kinders laat by die skool aflaai, maar dit sal nie verder kan plaasvind nie en ons vra u ondersteuning in hierdie verband.

   Skooltye vir Gr 4-7 sal dus soos volg wees:
   Maandae tot Donderdae : 7H30 – 13H45
   Vrydae : 7H30 – 13H30

   Skooltye vir die Grondslagfase sal soos volg wees:

Gr 1 en 2	Maandae tot Vrydae: 7H30 – 13H00
Gr. 3	Maandae **en** Woensdae: 7H30 – 13H45
	Dinsdae **en** Donderdae: 7H30 – 13H00
	Vrydae : 7H30 – 13H00

   Die roosters sal weer met leerders bespreek word. Ons as personeel is opgewonde om al die leerders weer elke dag by die skool te kan onderrig. Leerders sal ook moet onthou dat alle COVID-veiligheidsreëls steeds gehandhaaf moet word en u as ouer word versoek om die belangrikheid daarvan ook tuis te onderstreep.

2. Sport

Met die heropening van Laerskole vir alle leerders, mag ons weer met ander aktiwiteite begin. Hierdie mag slegs onder streng voorwaardes plaasvind.

- Eie vervoer van en na aktiwiteite. Hul moet ook stiptelik afgehaal word.
- Streng COVID-protokol sal gevolg word.
- Geen toeskouers word by oefeninge en wedstryde toegelaat nie.

Ons begin dus met sportafrigting vanaf Woensdag, 4 Augustus. Ons buitemuurse program vir die kwartaal is soos volg:

Maandae	13:45 – 14:15	SF-intervensie (skool) – begin eers 16 Augustus
	14:15 – 15:00	Landloop (Dorpsveld)
Dinsdae	13:00 – 14:00	Mini Rugby en – Netbal (Skool)
	14:00 – 15:15	Rugby en Netbal (Dorpsveld) Alle leerders vanaf O/10 tot O/13
Woensdae	13:45 – 14:15	SF-intervensie (skool)
	14:15 – 15:00	Landloop (Dorpsveld)
Donderdae	13:00 – 14:00	Mini Rugby en – Netbal (Skool)
	14:00 – 15:15	Rugby en Netbal (Dorpsveld) Alle leerders vanaf O/10 tot O/13

Wat die ander aktiwiteite (die ekstra aktiwiteite wat verlede kwartaal deur onderwysers gereël is) betref, sal die betrokke onderwysers u op hoogte hou. Daar moet eers gekyk word waar die personeel betrokke is en of dit nog moontlik is om daarmee voort te gaan. Sover moontlik sal ons ook probeer om ander sport- en kultuuraktiwiteite te akkomodeer. Ons hou u op hoogte van sake, wat die aangeleentheid betref. U moet egter ook in gedagte hou dat ons ongelukkig nie die jaar met ons jaarlikse Kultuurweek sal kan voortgaan nie. Ons sportorganiseerders is reeds besig om met buurskole te skakel om wedstrydbepalings vas te maak. Weens "return to play"-regulasies sal geen wedstryde voor 25 Augustus kan plaasvind nie.

3. Saam bou ons Bertie se Toekoms-projek

Soos reeds in die verlede aan u gekommunikeer is , is ons met 'n gemeenskapsprojek besig waarmee ons die nuwe klaskamers se fondse wil probeer genereer. Daar was n kompetisie om die "Logo" vir die projek te ontwerp en wil ons graag vir Dané Westcott in Graad 3 gelukwens met haar ontwerp wat as die wenner gekies is. Hiermee vra ons dat u die skool se Facebook-blad en die D6 sal dophou vir verdere inligting rakende die projek.

4. Skoolklere

Dit is vir ons 'n teleurstelling om u in te lig dat die verskaffer van ons skoolklere ons laat weet het dat hulle uit voorraad is. Hulle sal eers op 15 Augustus die nodige materiaal ontvang. Ons versoek dat ouers wat vir hul bestellings wag, geduldig moet wees.

5. Rapporte

Rapporte sal Donderdag aan die Gr. 5 &7 –leerders, asook alle Grondslagfase leerders uitgegee word, waarna die Gr. 4 & 6-leerders hul rapporte op Vrydag sal ontvang.

6. Kommunikasie

Die Beheerliggaam versoek dat enige kwessies wat hul aandag benodig, voortaan via epos gekommunikeer sal word. U kan begrip hê vir die feit dat die lede almal bedags werk en/of hul eie besighede bedryf, en dus nie tydig en ontydig op persoonlike oproepe kan reageer en tyd spandeer nie. Ons vra dat u hierdie versoek

sal respekteer en die volgende eposadres gebruik om enige kwessies met hulle te bespreek: beheerliggaambertiebarnard@gmail.com

Dit sal ook verseker dat die kwessies deur die korrekte persone en op 'n konsekwente wyse hanteer word. Hulle versoek ook dat ouers hul kwessies self kommunikeer en nie 'n ander ouer vra om namens hulle op te tree nie. Ons bedank u byvoorbaat vir u samewerking in die verband.

Ter afsluiting wil ons u verseker dat die hoofoorweging in alle besluite wat geneem word, altyd die kinders se belange sal wees.

Bertie Groete

Nicky Deetlefs

Skoolhoof